Sing vooraf staande: Psalm 116:1, 4, 5 (p. 569)

1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehae;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.

4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.

5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my trane;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 18:1, 15 (p. 71)

1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

15 God het met krag my aangegord; / deur Hom 't my weg gelyk geword.
Hy laat my voete op dié baan / so maklik soos die herte gaan,
en lei my na die hoogtes dan / van seëpraal en heerskappy;
my hande leer Hy om te stry, / dat ek 'n koperboog kan span.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 61:1, 2, 6 (p. 298) (Melodie Ps 38 Liederwysie)

1 Neig, o God, tot my die ore! / Ver verlore, / ver van hulp en heil vandaan,
as my hart in my geen krag het, / al versmag het, / roep ek U as helper aan.

2 Op 'n rots waar 't hoog en yl is, / my te steil is, / laat u hand my daar gelei,
God is my 'n sterke toring; / daar 's verhoring, / skuiling teen die storm vir my.

6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Gebed

Skrifberyming 12-3:1, 2 (nuut)

1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.

2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Skriflesing: Jakobus 1:1-18

Kernverse: Jakobus 1:12

Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.
(Jakobus 1:12 AFR1953)

Tema: Liefde vir God dra ons deur beproewings na die kroon van die lewe

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit gebeur daagliks dat mense in beproewings kom. ’n Beproewing is niks anders as wat die naam daarvan sê nie. Beproewings is bedoel om te toets en deur die toets word dit wat getoets word sterker. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die leerwerk wat ons doen in die skool, of kollege, of universiteit. Wanneer ons eksamen skryf of toets skryf, is die bedoeling tog om seker te maak dat ons die leerwerk onder die knie het en dat ons in staat is om die kennis toe te pas. Ons vermoëns om die werk te kan doen word versterk.

Die Here gee vir ons ook toetse en ons noem hierdie toetse *beproewings*. In sy groot genade het die Here deur die Heilige Gees aan ons geloof gegee. Ons glo in God die Vader. Ons glo dat Hy ons met alles versorg wat ons nodig het. Ons glo in sy Seun, Jesus Christus. Ons glo dat Christus vir ons sondeskuld betaal het, daarom kan ons by die Vader om vergifnis smeek vir die sondes wat ons steeds doen. Ons glo ook in die Heilige Gees. Ons glo dat die Heilige Gees ons op hierdie pad van geloofsgroei lei om heilig te word sodat ons in die ewige koninkryk van God kan ingaan. Ons weet egter dat ons geloof nog ver van volmaak is. Omdat die Here wil hê dat ons geloof in Hom volmaak moet word, beskik Hy beproewings of toetse in ons lewe sodat ons by hierdie volmaaktheid kan uitkom.

In vers 2-4 van hierdie hoofstuk het Jakobus op ’n eenvoudig praktiese manier duidelik gemaak dat die Here ons midde in beproewings wil leer om enduit te volhard in ons geloof in Hom. Dit is immers deur volharding in die geloof dat die Heilige Gees ons by geloofs-volwassenheid uitbring. Baie mense sal maklik, weens hulle eie swakheid of sommer net moedswilligheid, sê: Dit is nie vir ’n mens moontlik om geloofsvolwassenheid te bereik nie. En dan gee hulle die volgende rede hoekom dit onmoontlik is: ’n Mens kan nie alle versoekings weerstaan nie.

Geliefdes, Jakobus praat nie oor goed waarvan hy niks weet nie. Hy is ook nie besig om ’n onbereikbare ideaal vir ons te teken nie. Deur die Heilige Gees ken hy die Here en vir hom gaan dit oor die praktiese van geloof. Daarom weet hy ook dat ’n mens deur die genadige werking van die Heilige Gees en deur middel van die wysheid in staat is om in versoekings staande te bly. Om hierdie rede stel hy dit onomwonde: **Salig is die mens wat in versoeking standvastig bly.** So ’n mens se geloof deurstaan die toets wat die Here aangelê het en hy het nog ’n tree nader gekom aan **volle geestelike rypheid** – geloofsvolwassenheid.

In vers 4 het Jakobus gesê die doel van beproewings is **om volmaak en sonder gebrek te wees**. In vers 12 stel hy weer dieselfde doel in ander woorde. Wie **die toets** van beproewing/versoeking **deurstaan, sal die lewe as kroon ontvang, wat die Here belowe aan hulle wat Hom liefhet**. Op die klank van die woorde af klink dit asof ’n mens met die verdra van versoekings die lewe as kroon verdien of wen. Ons weet egter dit kan nie waar wees nie, geliefdes. Niks wat ons doen kan iets by die Here verdien nie. Niks wat ons doen kan die Here onder die verpligting plaas om vir ons die kroon van die lewe te gee nie.

Jakobus wil ook nie hê ons moet dink dat ons die lewe by God verdien wanneer ons beproewings verdra nie. Daarom het hy in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees vers 12 met ’n spesifieke woord begin – *makarios* – dit beteken *salig* of *geseënd.* **Salig** of geseënd **is die mens wat in versoeking standvastig bly**. Dit is God wat die mens seën. Hy seën ons met die werk van die Heilige Gees en met wysheid sodat ons in die versoeking staande kan bly. En deur standvastig te bly in versoeking, kom ons agter dat ons deur God vervuld of verryk word – Hy seën ons.

Die mens wat dan in afhanklikheid van die Heilige Gees die versoeking verdra het, het dit reggekry om te begryp waarom die Here sy geloof getoets het en hy het geleer om op

die Here te bly vertrou. Dit is immers deur die beproewing heen dat ’n mens agterkom dat die Here **die kroon van die lewe** aan ’n mens gee. Hoe meer ’n mens gehoorsaam is aan die Here, hoe meer kom jy agter dat jy die Heilige Gees ontvang het (Hand 5:32).

Die seën wat die Here gee, word saamgevat in hierdie woorde: **die kroon van die lewe**. Wanneer ’n mens die woord *kroon* hoor, dink ’n mens aan waardigheid, blydskap en oorwinning. Om in die geloof te volhard is nie die einddoel van ons lewe vol beproewings nie. En die Here wil ook nie hê dat ons maar net sal leer om te volhard nie. Hy wil ook ’n genadeloon gee vir die volharding, naamlik **die kroon van die lewe**. Hierdie lewe waarin ons nou is, is dus vir ons gelowiges die arena waarin ons ter wille van Christus kan en wil volhard, want ons hou ons oog op die prys wat Jesus aan die einde van die wedloop aan ons wil gee – **die kroon van die lewe**.

Nou moet ons egter mooi oplet, geliefdes. Die prys – **die kroon van die lewe** – kan nie die rede wees waarom ons in die geloof volhard nie. As **die kroon van die lewe** ons enigste motivering was om te volhard in die geloof, dan het ons mos gelewe en beproewings verdra om beloon te word. Nee, ons grootste en enigste motivering om te volhard is ons liefde vir God. Dit gaan dus oor jou en my persoonlike verhouding met die Here. In die beproewing wil die gelowige vir die Here wys dat hy Hom liefhet. Ons liefde vir die Here behoort ons uitkyk op die lewe en ons manier van lewe te bepaal. Omdat ons God liefhet – en ’n mens het net iemand lief vir wie jy werklik ken – weet ons dat die beproewing daar is om ons geloof te versterk. Omdat ons God liefhet, mor en kla ons nie oor die beproewing nie, maar verdra dit om die Here te verheerlik.

Jakobus rond dus hierdie gedeelte vanaf vers 2 met vers 12 af met die seën van die Here. Wie onder leiding van die Heilige Gees en met die liefde van God in sy hart beproewings verdra, sal ondervind hoe die Here aan hom die **kroon van die lewe** gee. Nou kom Jakobus terug na die mens toe wat wil beweer dat ’n mens nie versoekings kan weerstaan nie. Dit is gewoonlik hierdie soort mense wat die argument omdraai en sê dat God hulle versoek het. Met so ’n redenasie wil die mens sy eie skuld vir sy sonde voor die deur van die Here plaas. Dit is mos die Here wat beskik het dat hy in hierdie omstandigheid gekom het, daarom moet die Here ook die skuld kry vir sy sonde wat hy in die omstandigheid gepleeg het. Dit is gewoonlik ook dieselfde mens wat nie wysheid en die leiding van die Heilige Gees van die Here gesmeek het nie, wat so redeneer.

Die probleem is nie dat die Here ’n beproewing in ons lewe beskik het nie. Die probleem is baie nader as wat ons dink. Ons het in hierdie lewe drie groot vyande – ons eie sondige geaardheid, die wêreld en die duiwel. Wanneer ons dan ’n beproewing beleef, is dit hulle wat ons wil wysmaak dat al die swaarkry nie die moeite werd is nie. Ons word versoek om ons geloof in die Here te laat vaar, want dan sal dit kwansuis beter met ons gaan. Ons sal dit dan nie meer so moeilik hê nie. Dit is vir ons makliker om ongehoorsaam aan die Here te wees as om gehoorsaam te wees, want ongehoorsaamheid is mos deel van ons natuur. Gehoorsaamheid is iets wat ’n mens moet aanleer.

Jakobus stel dit baie duidelik – jy moenie sê: **“Ek word deur God versoek”** nie. God beskik nie ’n beproewing in ons lewens sodat ons moet sonde doen nie. Die skuld vir my sonde in ’n beproewing is dus nie by God te soek nie. God kan nie versoek word nie. En verder versoek Hy ook niemand nie. Dit is nie in God se geaardheid om verlei te word om ons te versoek nie. God laat Hom deur niemand voorsê nie. Die skuld vir die sonde in ’n versoeking moet dus op ’n ander plek gesoek word.

Die versoeking kom nie van buite nie maar van binne af. Dit is ons eie sondige begeertes wat ons aanpor en aan ons karring om toe te gee om nie te midde van die beproewing aan die Here gehoorsaam te bly nie. Om gehoorsaam te bly verg inspanning. Dit is ’n opdraande pad van volharding en uithouvermoë wat uitloop op ’n lewe van volheid. Om ongehoorsaam te wees, aan die ander kant, is maklik. Dit is ’n afdraande pad en al wat jy moet doen, is om die briek te los.

Kyk nou net hoe word hierdie afdraande pad vir ons beskryf. Ons het in onsself die vermoë om in die beproewing te onderskei watter manier van hantering die maklikste gaan wees. ’n Voorbeeld: Jy het lank gesoek na werk en uiteindelik het die Here vir jou ’n betrekking gegee. In die nuwe werkplek is daar ’n aantreklike persoon van die ander geslag saam met wie jy gaan werk en met wie jy daagliks gereeld te doen gaan kry. In hierdie omstandighede wil die Here jou toets, maar ’n mens se geaardheid is om eerder die maklikste manier van hantering te kies.

Jou sondige begeertes begin jou stilletjies aanpor om met dié persoon te flirt. Eers word die stemmetjie stilgemaak, maar later is die stemmetjie net dringerder en meer uitlokkend. Dit is mos net ’n onskuldige vriendskap. Jy weet mos wanneer om te stop. En as hierdie **sondige begeerte eers bevrug geraak, bring dit die sonde voort**. Wanneer ’n mens eers toegee aan die stemmetjie en self begin dink soos wat hy jou voorgesê het, gaan jy met ’n verhouding met die ander persoon begin. Kort voor lank is jy so emosioneel tot hierdie ander persoon aangetrokke en die verhouding word net al ernstiger. Die sonde word dan gebore. En nou die skrikwekkende: Die kleinkind van sondige begeertes is nie mooi en troetelbaar nie. Dit is lelik, want dit is die dood, nou en in die ewigheid. Sondige begeertes bring sonde voort. En wanneer sonde tot sy volle ontwikkeling kom, bring dit die dood voort.

Daarom kom hierdie vaderlike waarskuwing wat deurweek is van die liefde: **Moenie julleself mislei nie, my liewe broers**. Moenie aan julle eie begeertes se stem sommer net gehoor gee nie. Toets dit aan aan wat julle weet die Here van julle verwag.

Aangesien dit dan so maklik is om terug te val en eerder ongehoorsaam te wees as om te volhard in gehoorsaamheid, hoe sal ons dit regkry om, soos vers 12 dit stel, ter wille van die liefde vir God te volhard in gehoorsaamheid? Broers, susters en kinders, ons kry in vers 17 en 18 die antwoord hierop. Eers word die oorvloed van God gestel (17a), dan sy onveranderlikheid (17b) en dan word gesê dat ons reeds deel gekry het en getuies is van God se oorvloed en onveranderlikheid (18).

Die gawes en geskenke wat God gee, is onuitputlik. Hy gee alles wat moontlik nodig mag wees; Hy gee elke geskenk, sonder om terug te hou. **God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt** (Jak 1:5). En alles wat Hy gee, is goed en volmaak. Ons as kinders van Hom se behoefte is God se doel met sy gawes, en sy gawes voldoen presies aan ons behoeftes.

Ons het harte vol liefde nodig om te volhard en uiteindelik in die lewe in te stap. Die Here gee juis wat ons nodig het. Deur sy Gees verander hy ons harte voortdurend – van harte wat net boosheid kan aanbied, na harte wat sag en warm vol liefde is vir God. Verder is God ook onveranderlik in die gee van die gawes. Nooit sal ons by die Here kom en vind dat Hy onwillig, onbereikbaar is of nie kan gee wat ons vra nie. Ter wille van Jesus Christus is Hy ons Almagtige Vader, en as Vader wil Hy vir ons sorg met alles wat ons nodig het om tot geloofsvolwassenheid te groei en uiteindelik ook die kroon van die lewe te ontvang.

Afgesien daarvan dat God oorvloedig is in die gee van sy gawes en geskenke, en afgesien daarvan dat Hy nooit verander nie, is ons gelowiges boonop alreeds getuies van die goedheid en onveranderlikheid van die Here. Hy het ons **deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring**. Die Vader het deur die Woord aan ons geboorte geskenk in ’n nuwe lewe in. Christus het met sy opstanding uit die dood die geboortekanaal vir die kinders van God oopgemaak. As lewende Here gebied Christus aan ons die lewe wat Hy vir ons aan die kruis verdien het. Ons aanvanklike geboorte as mense in hierdie wêreld was uit mense gewees. Ons erf van ons aardse ouers al ons menslike eienskappe en ook die totale vervallenheid van ons menslike natuur. Hierdie nuwe geboorte uit die Gees deur die Woord gee aan ons nuwe eienskappe, in besonder die eienskap om God lief te hê.

As gevolg van hierdie onveranderlike werk wat God reeds in elkeen van hulle doen vir wie Christus die skuld betaal het, kan ons seker wees dat Hy ook aan ons alles sal gee wat ons nodig het om standvastig in die beproewings te kan bly. Ons kan God maar net vra en Hy sal vir ons gee wat nodig is sodat ons die versoekings kan weerstaan en ter wille van sy Naam die beproewings verdra.

Geliefdes, ons sluit af met hierdie opsomming van Jakobus se argument. Ons het volharding in die geloof nodig om te midde van beproewings tot geloofsvolwassenheid te groei en uiteindelik die kroon van die lewe te ontvang. By alles wat ons nodig het om te volhard, het ons veral ’n hart nodig wat God opreg liefhet. Ons eie onbekeerde hart is egter misleidend, want daaruit kom die begeertes wat eie is aan ons sondige geaardheid. Die Here gee egter ’n oplossing vir hierdie probleem. Vanuit ons hemelse Vader se hand kan ons alles verwag wat ons nodig het, want Hy gee goeie gawes en volmaakte geskenke sodat ons weerstand teen versoekings kan bied. Hy het ons immers deur sy woord van waarheid voortgebring sodat ons spesiaal sy kinders kan wees en kenmerkend heilig kan lewe. Omdat dít God se bedoeling met ons is, het ons alle rede om standvastig te bly in versoekings.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 25:2, 6 (p. 115)

2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

6 Wie’s die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank’le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 Februarie 2012